## KENNISGEWING VAN 'N OMGEWINGSMAGTIGINGS PROSES (OMGEWINGS ASSESSERINGS PROSES)

# VOORGESTELDE 2AFRICA (WES) ONDERSESE TELEKOMMUNIKASIE KABELSTELSEL INSTALLERING BY YZERFONTEIN, WES KAAP, SUID-AFRIKA

**Voorlegger: MTN (Edms) Bpk (hierin verwys na "MTN").**

Alcatel Ondersese Netwerke (AON) is aangestel vir die installering van die voorgestelde 2AFRICA (Wes) Ondersese Telekommunikasie Kabelstelsel wat die Weskus van Afrika gaan verbind met Europa, asook die Verenigde Koninkryk, met een van Suid-Afrika se landings in Yzerfontein. Die kabelstelsel gaan beheer word deur MTN as Suid-Afrika se landings vennoot. Die doel van die kabelstelsel is om Suid-Afrika met 'n betroubare kabelstelsel en 'n groter kapasiteit te voorsien vir verskeie digitale data dienste soos telewerke, HD TV uitsendings, Internet dienste, video konferensies, gevorderde multimedia asook mobiele video applikasies.

**Omgewingsmagtigings Proses**

Ingevolge die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings wat op 4 Desember 2014 gepubliseer en op 7 April 2017 gewysig is, gepubliseer ingevolge die Nasionale Omgewings Bestuurs Wet, 1998 (Wet No. 107 of 1998) word verskeie aspekte van die beoogde ontwikkeling as gelyste aktiwiteite geag wat 'n impak op die omgewing kan meebring. Derhalwe word omgewingsmagtiging van die Nasionale Departement van Omgewingssake, Bosbou en Visserye (DOBV) vereis alvorens sodanige aktiwiteite 'n aanvang kan neem. Die projek lei tot aktiwiteite wat as skadelik beskou word in terme van Noterings Staatskennisgewing 1 (R327), Noterings Staatskennisgewing 2 (R325) en Noterings Staatskennisgewing 3 (R324). DOBV is die bevoegde owerheid wat die omgewingsmagtiging uitreik vir hierdie voorgestelde ontwikkeling. Ander lisensies en permitte kan moontlik benodig word en aansoek kan gedoen word vir 'n Oseaan Strand Huur Permit van CapeNature en 'n Water Lisensie van die Department van Menselike Nedersettings, Water & Sanitasie (DMNW&S).

ACER vervul die rol en verantwoordelikhede namens MTN as die Omgewings Evaluerings Praktisyn (OEP) wat die Omgewings Assesserings Proses asook die Publieke Deelname Proses sal behartig. ACER sal die nodige applikasies en dokumente indien by DOBV en die ander relevante owerhede vir konsiderasie en besluitneming.

**Geleentheid om deel te neem**

Ten einde as 'n Belangstellende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer en/of om meer inligting te bekom rakende die projek, kontak asseblief vir die Publieke Deelname Kantoor:


**Carina Boonzaaier of Giles Churchill**

**► Posbus 503, Mtunzini, 3867 ► Tel: 035 340 2715**

**► E-pos: 2AFRICA.Yzerfontein@acerafrica.co.za**


**In terme van Staatskennisgewing R326, 42(a), 44(1) en 19(1)(a) (7 April 2017) sal alle kommentaar wat ontvang word in 'n Kommentaar en Terugvoer Verslag saamgevat word wat beskikbaar gemaak sal word aan die bevoegde owerheid. Die verslag sal ook in die publieke domein geplaas word en sal deel wees van die publieke hersieningsproses wat deel vorm van die Omgewings Assesserings Verslae.**

Datum van advertensie: 28 Oktober 2020

acer AFRICA

CAP007